



Naam en van:	
Titel:	
Skool:	



Voltooi, knip uit en plak aan die voorkant van die gemonteerde kunswerk in die hoek regs onder, nie op die kunswerk nie asb.

Naam en van:	
Geboortedatum (jj/mm/dd):	
Titel:	
Skool:	
Skool tel nr:	
Tel. nr. (ouer):	
E-pos (ouer):	



Voltooi, knip uit en plak agterop die gemonteerde kunswerk- onder in die linkerhoek asb.

2018 Finbond Mutual Bank Kleuterkuns-kompetisie

vir ouderdom 3 tot 6 jaar

Ten einde kleuters bewus te maak van spaar en om hulle iets te leer van 'n verantwoordelike manier van geld uitgee; is die tema:

Ek spaar vir...





Jy spaar dalk vir 'n nuwe speelding, 'n fiets of 'n reis na die maan!

Die tema is 'Ek spaar vir...'
Wys ons wat dit is: vir jouself, vir jou en jou familie of jou troeteldier!
Die **kunswerk** kan 'n tekening of skildery wees, of 'n kombinasie daarvan. Die oppervlak moet plat wees, geen collage nie. Die voorgeskrewe grootte is A3.

Daar sal **pryse** wees vir die wenners in elke kategorie: 1e plek—R1 000; 2e plek—R750; 3e plek—R500; sowel as 'n kontantprys van R3 000 vir die skool of sentrum wat die meeste inskrywings stuur.

Elke kunstenaar wat 'n geldige kunswerk inskryf, sal 'n **sertifikaat van deelname** ontvang na die finale beoordeling.

'n Kunsuitstalling en pryswenner-seremonie vind plaas op 8 Sept. 2018 by Utopia Place, 840 Curalaan, Pretoria. Deelnemers word uitgenooi saam met hulle ouers en grootouers na 'n spesiale oggend waar 'n gas-kunstenaar ook sal optree.

Vereistes

Die onderwyser of ouer word gevra om die kunswerk te monteer op die voorgeskrewe kleur karton volgens ouderdomsgroep en die etiket (ingesluit by die inskrywingsvorm) regs onder in die hoek te plak. Voorsien die kunswerk van 'n titel.

Die finale gemonteerde grootte van die kunswerk moet A3 wees. Sny 'n strook van 1 cm rondom die kunswerk af, en **monteer op karton** van een van die volgende toepaslike kleure (die geboortjaar van die kind sal as die kategorie gebruik word):

2015 (word drie jaar oud): Oranje
2014 (word vier jaar oud): Geel
2013 (word vyf jaar oud): Rooi
2012 (word ses jaar oud): Groen

Die werk moet dié van die kind self en in 2018 gemaak wees. Kunswerke wat nie aan die algemene voorskrifte voldoen nie, sal nie oorweeg word nie. Die besluite van die beoordelaars is finaal en geen korrespondensie of onderhandelings sal plaasvind nie.

Die kunswerke sal nie aan die kunstenaars, familie of skool teruggestuur word nie. Maak asseblief seker dat u 'n foto van die kunswerk neem vir eie gebruik voordat u dit inhandig. Die organiseerders behou die reg voor om die kunswerke te verkoop ter stywing van die projek se fondse.

U kan ook gerus foto's op die kompetisie se Facebook-blad plaas van die kunswerke en van die skeppingsproses waar die kind met sy kunswerk besig is.

Inskrywings

Die inskrywingsfooie is R10 per kunswerk en die sluitingsdatum van die kompetisie is 31 Julie 2018.

Handig die kunswerke in op 21 Julie 2018 by die VVOS/AECYC-seminaar in Pretoria, of pos dit aan Posbus 15890, Lyttelton, 0140. Lewer af by of koerier na die VVOS/AECYC se kantoor in Centurion, straatadres Umtatalaan 117, Centurion. Dit moet ons voor 31 Julie 2018 bereik.

Kontak ons

VVOS kantoor (Lize)
Tel: 012 667 2028
e-pos: info@vvos.co.za

Volg die blad op Facebook:
[@kleuterkuns](#)